



HANEKRAAI

Nr 5 / Mei 2008

Nuusbrief van die Tradisionele Boeremusieklub van SA.

Kontakadres : T B K van SA, Posbus 48865, Hercules. 0030.

Musiekverspreier - Sias Erasmus, Tel – [012] 379 1745/083 948 2987

Webblad: www.boeremusiek.org

Eposadres : info@boeremusiek.org

E-posadresadres vir korrespondensie : susane@arc.agric.za

E-posadres van redakteur vir bydraes en ander persoonlike korrespondensie : kobusmuller@mweb.co.za

Kontakpersoon oor speel van musiek en musiekinstrumente : Stephaan van Zyl : Tel : Selfoon – 082 777 0124.



Redaksioneel

Ons sê in ons gesprekke en ons besprekings soms baie maklik dat die jongmense nie in boeremusiek belangstel nie en berus dan daarby. Maar is dit geregverdig om so 'n uitspraak te maak en net skouers op te trek en maar daarby te berus? Is daar nie tog 'n ander koers om in te slaan en meer daarmee te bereik nie. Is dit nie miskien 'n geval dat ons maar te maklik aanvaar en boedel oorgee nie?

Daar is van lankal af mense en instansies wat hulle bes doen om boeremusiek se kop onder die water te druk en daar te hou. Daar is radiostasies wat sê dat dit hulle beleid is om nie boeremusiek te speel nie. Dit is hulle voorreg om so 'n beleid te hê, maar hoekom aanvaar ons dit gelate en doen dan niks nie? Afrikaanssprekendes bly maar na die stasies luister en word getel as deel van die luistertal wat bepaal hoeveel adverteerders vir advertensies by die stasies moet betaal. Het dit nie tyd geword dat ons vir die stasies begin sê dat as ons musiek aangeval of vermy word, dan word óns aangeval en vermy nie. Kom ons vermy mekaar dan maar en sien wat word. Dit gaan maar per slot van rekening om geld, om staande te bly. Nou dat Afrikaanse sangmusiek so 'n treffer is, speel selfs die Soweto Kwartet dié musiek, want dit bring goeie geld in.

Dit val 'n mens op hoeveel buitelanders ons eintlik aanspreek en sê : “Julle Afrikaanssprekendes aanvaar te maklik en berus maar by wat gebeur en gedoen word”. Moet ons nie die moeite doen en diegene wat ons musiek verwerp maar ons geld oulik vind, in te lig dat hulle maar die regte deuntjie moet begin sing, anders gaan ons na 'n ander stasie toe oorskakel wat wel ons eie respekteer en aanneemlik vind nie?

Nou terug na die jongmense toe! Stel ons ons kinders en ander jongmense genoeg bloot aan goeie boeremusiek, sonder om hulle aan te val oor die klopmusiek waarna hulle luister? Klopmusiek masel gelukkig later in hulle lewe uit en dan begin hulle uit hulleself na die vuurherd van ons musiek terugkeer. 'n Mens ontkom nie maklik aan 'n goeie opvoeding nie, hy haal jou vroeër of later weer in, veral as jou kinders aan jou knie sit en jy moet die eie aan hulle begin oordra.

Onbekend bly onbemind. Stel hulle bloot aan die eie en dit word hulle eie. Ons musiek het 'n skerpkant en aansteeklikheid wat ons nie moet miskyk nie.

[Kobus Müller].

Huldeblyk : oom Hannes Buitendag - † 30 Maart 2008



Johannes Petrus Buitendag is op 11 Maart 1911 op die plaas Klipkraal, naby Morgenzon, gebore en is op 30 Maart 2008 in Pretoria oorlede in die ouderdom van 97 jaar. Hy was waarskynlik die oudste lid ooit van ons organisasie gewees. Uit geheue, weet ons van niemand wat ouer was nie.

Oom Hannes het op sy tiende verjaardag 'n "G-Regulation band"-mondfluitjie as geskenk gekry en homself geleer om dit te speel en deur te luister na wat die mense sing en die musiek te speel, het hy die musiek van die Oos-Transvaalse platteland, ongeskonde sy lewe lank gespeel. Hy het in die vroeë jare van sy lewe sy brood verdien in sy opgroeiwêreld en het in 1928 vir so vier jaar in die Orkes van die Rooikrantzbroers gespeel op danse en plesiere in die Oos-Transvaal. Hulle het ook gereeld in die Sukkelaarsaal te Morgenzon gespeel. Oom Hannes het ook vir 'n paar jaar kitaar en banjo in Chris Wentzel se Drie Oostransvalers gespeel. Dit klink vandag amper ondenkbaar as oom Hannes vertel het dat hy met sy musiekinstrumente onder die arm, te perd gery het na waar hulle moes speel.

Later het oom Hannes stad toe gekom en hy het by die TBK betrokke geraak en sy mondfluitjiespel was 'n bekende item by byeenkomste. Dit was te pragtig toe hy so drie jaar gelede by ons, aan die tafel gesit het en so deur die aand so 'n klipdriffie of wat saam met ons geniet het. Toe die byeenkoms eintlik so te sê uitgerafel het, vra oom Hannes vir Stephaan of die Oudag nie kans sien om hom vir oulaas te begelei vir 'n paar nommertjies nie. Hy het die mondfluitjie uit sy sak gehaal en oom Hannes het daardie aand verstommend netjies gespeel vir 'n musikant van 94 jaar. Mens kon hoor hy gee alles, want dit was sy swanesang.

Oom Hannes was 'n netjiese mens wat altyd smaakvol gekleed was en deur almal met respek hanteer is as 'n besondere en gewaardeerde mens. Hy was ook 'n rympiemaker en storieverteller van formaat.

Oom Hannes het 'n paar gebeurtenisse genoem wat musiekgewyse sy lewe kleurvol gemaak het. Sy ontmoeting en gesels in 1932 met Faan Harris op die trein na Krugersdorp; die uitreiking van sy langspeelplaat deur die TBK en sy optrede in die program "Span die bokseil" in 1991.

Ons onthou oom Hannes as 'n waardige mens en lid van die TBK en as musikant wat oor byna sewentig jaar, met die mondfluitjie, kitaar, banjo, ukulele en viool, getrou sy bydrae gemaak het.

Ons bid sy kinders en familie God se vertroosting en seën toe.

○○○○○○○○○○○○

Huldeblyk – Cas Bodenstein



Johannes Casper Bodenstein is op 25 April 1930 gebore en op 3 April 2008 oorlede. Hy was getroud met Leonie en hulle het drie kinders : Hans, Corné en Loina. Cas het dit as ‘n roeping en lewenstaak gesien om as vlymskerp wiskundeonderwyser en skoolhoof, by verskeie skole in die Moot, kinders op te voed en op koers te kry in die lewe. Kinders wat swaar getrek het, het hom veral baie na aan die hart gelê. Bo en behalwe sy verpligtinge as onderwyser en hoof, het hy ook sy volle gewig ingegooi by die Kerk, die Voortrekkers, die

TBK en verskeie ander organisasies. Almal kon op sy ondersteuning en bydrae reken. Hy was getrou en toegewyd aan sy saak.

Cas Bodenstein was ‘n soliede mens met geslypte beginsels waaraan hy hom gehou het. Hy het ook standvastig sy mense se kultuurgoed opgepas en oorgedra aan die jonger geslag. Hy was liefdevol, bedagsaam en nederig en het opreg in ander mense se wel en weë belang gestel. Hy het die kuns verstaan om te luister, te hoor en te doen wat hy kan. En dan, sy woord was sy eer, almal kon daarop reken. Wat hy onderneem het, het hy gedoen en uitgevoer, niemand hoef daarvoor te getwyfel het nie. Cas hoef nie baie te gepraat het nie, hy kon maar eintlik net gesê het : “As jy aankant wil lewe, kyk na my en volg my voorbeeld na”.

Ons by die TBK sal hom mis, want hy het sy rol tot op die laaste getrou gespeel. In 2003 het die TBK hom erkenning daarvoor gegee. Met die laaste byeenkoms van die Pretoriatak nog, was hy al bitter siek en tog het hy die saal oopgesluit, geopen met skriflesing en gebed en tot die laaste gebly en weer toegesluit. Dit is Cas Bodenstein. Ek persoonlik het my daarvoor verwonder dat hy my, wat tien jaar jonger as hy is, altyd as “oom Kobus” aangespreek het. Maar as mede-Afrikaner het ek hom gehoor en verstaan wat hy bedoel en hom daarvoor gerespekteer, dit was sy aard.

Leonie, Hans, Corné en Loina, ons bid julle die Here se seën en vertroosting toe in die tyd wat voorlê. Ons is saam met julle dankbaar vir ‘n baie besondere mens wat die pad so lank saam met ons kon loop en ons lewens verryk het. [Kobus Müller] *****

Standerton|konsertina|orkes.

In Hanekraai, nr 3/Julie 2007, bl 13, was daar ‘n artikel oor hierdie Okes. Die artikel het die gewenste uitwerking gehad. Die probleem is dat van die orkeste wat minder opnames gemaak het, is niks bekend nie en dit is goed om soms die boom te skud en te kyk wat val uit. Die volgende brief is van Robbie Holm ontvang :

“Hier is die inligting aangaande die Standerton Konsertina Orkes. Dit is nie baie nie, maar dit is die ware feite soos gegee deur Oom Piet Vorster se seun, Patta Vorster. Daar is geen ware feite dat Faan Harris vir die orkes gespeel het nie. Die musikante van die standerton Konsertina Orkes het bekend gestaan as Tilley en Vorster of Tilley en Piet. Hulle het ook definitief in Standerton gespeel. Ek vra dat julle nou die feite sal regstel en dit in die Hanekraai plaas. Die familie vra dat die saak nou afgehandel sal word, en daar nie verder oor die Standerton Orkes gespekuleer sal word nie.

Dankie,
Robbie Holm”.

Die skrywe word so aanvaar en die saak word hiermee te ruste gelê. Ons dank aan Robbie en oom Patta vir hulle moeite. Danie Labuschagne het weer die plate op band opgeneem en laat skoonmaak en versorg en Stephaan van Zyl het sy kisklere aangetrek en intensief na die musiek geluister. Hy het tot die slotsom gekom dat dit nie Faan Harris is wat daar speel nie, alhoewel daar ooreenkomste is. Dit is net jammer dat daar nie meer opnames van musiek uit Standerton gemaak is nie. Dit is in die verband interessant om te lees wat Mannetjie Pieterse sê : “Hy het ook kitaar gespeel saam met drie konsertinaspelers wat van Standerton afkomstig was en plaatopnames kom maak het. Hulle was Tilley, Pringle en Vorster.” [Piet Bester, 3, bl 46.] Dave de Villiers sê ook hy het saam met hulle vir die opnames banjo gespeel en noem Tilley se naam wat hy nog kon onthou. [Piet Bester, 2, bl 86] [Red.]

Musiek in Hennie Aucamp se verhale.

Prof Heinrich van der Mescht, professor in Musiek aan UP, het ‘n studie gemaak van verwysings na musikante in Hennie Aucamp se werke en dit is

op die Internet beskikbaar gestel in 2006. Hennie Aucamp is op 20 Jan 1934 in Dordrecht, Noord-Kaap, gebore en het op die plaas Rust-mijn-ziel in Jamestown se omgewing grootgeword en sy skoolopleiding daar voltooi. Hy studeer daarna aan US en het later daar professor geword in Afrikaans.

Twee gedeeltes uit prof v d Mescht se bespreking prikkel 'n mens se gedagtes en laat jou nadink oor die mense, hulle omstandighede en hulle belewenisse, in die tyd waarin ons musiek gehandhaaf is en behoue gebly het. Hou net in gedagte dat Carolina Leeson se ouers ook Jamestowners was en heelwat van die Vyf Vastrappers se musiek daarvandaan kom.

Die eerste verwysing kom uit "Hoe ry die Boere sit-sit so". Let daarop dat die musikant 'n dame is! "Dit is die ek-verteller se ouma wat as jong meisie 'n belofte gemaak het om nooit weer aan die "duiwelsinstrument", die konsertina, te vat nie. Na 'n dans op 'n plaas het sy en haar broers een nag in die sneeu verdwaal, en sy het belowe om nooit weer konsertina te speel nie. Hulle het veilig by die huis aangekom en sy het by haar belofte gebly.

Nou, na baie jare, by 'n party met boeresport en dans, kry Ouma nuwe moed om haar belofte te verbreek, want haar kleinkind het die aartappel-in-die-emmerkompetiese gewen nadat sy hom deeglik op sy perd afgerig het (Aucamp, 1976:133).

'Ouma sit betowerd na die konsertina en kyk wat wie weet hoe op haar skoot beland het.

En ek soebat: "Ag, toe, Ouma, net een keer, asseblief?"

Aarselend betas Ouma die ding. Binne 'n paar oomblikke val die jare weg tussen 'n ou vrou en 'n meisie van sewentien, agtien; alles kom terug, die slag en die drif van 'n vroeër tyd. En sy speel 'n keurspel en 'n loflied: Die Togryerswals en die Optelpolka; die Dagbreeksetties en Antjie-my-kind.'

In hierdie geval het die "kunstenaar" se kleinseun se kunstige prestasie, waaraan sy 'n groot aandeel gehad het, haar aangevuur om haar eie kuns weer te beoefen".

Die tweede verwysing kom uit "Die Hartseerwals" [1965]. "Hierdie verhaal, moontlik Aucamp se bekendste, handel oor bywoners op 'n plaas. Aucamp het die idee gekry deur die waarneming van die bywoners op die plaas waar hy grootgeword het (Aucamp, 1987a:T 87/111). Hy wou altyd oor hulle skryf. Dis by hierdie persone wat hy baie Boeremusiek en smartlappe gehoor het.

Maar die prikkel vir die verhaal het gekom uit sy ouers se briewe.

Volgens Aucamp (1987a:T 87/110) verwys die “Hartseerwals” van die titel nie na enige spesifieke wals nie. Hy voel dat die Afrikaanse hartseerwalse in die Boeremusiekskat “net te vrolik” word. Hulle is nie hartseer genoeg nie. Dis ook soos die karakter Hetta voel: Haar grammofoonplate is nie hartseer genoeg om haar droefheid uit te druk nie. Aucamp is van mening dat Boeremusiek vir baie mense “hulle emosies geartikuleer” het [helder uitspraak het. Red.] Hiervan is die kortverhaal duidelik ’n illustrasie.

Die verhaal eindig so (Aucamp, 1965:79):

‘Na sy haar ouers nag gesoen het, dra Hetta die grammofoon kamer toe. Sy sit dit op die grond neer, want die tafel langs haar bed wikkel te veel. In ’n verkreukelde pienk rok sit sy op die skaapvel voor haar bed terwyl sy haar plate deurkyk.

Sy wens sy het net treurige plate gehad. Maar nou het sy net één treurige plaat en hy is nie treurig genoeg nie’.

Die hoofkarakter in die verhaal, Hetta, is nie ’n uitvoerende kunstenaar nie, maar sy kies wel plate om te speel en bevind haar sodoende ongemerk onder diegene wat “musiek maak”.

’n Interessante opmerking van prof van der Mescht is : “ In die SAUK-program oor “Die les” (Aucamp,1987a:T 87/110) vertel hy [Hennie Aucamp] dat byna elke plaas ’n klavier of harmonium gehad het en dat die plaasmense dikwels saam musiek gemaak het”.

Die feit dat die konsertina die duiwelsinstrument genoem word en dan gebêre word na ’n gebeurtenis, loop ’n mens nogal meermale raak. Dit moet spruit uit die tyd toe die predikante so heftig die swaard teen dans getrek het. Die sendelinge onder die San- en Khoimense het weer die viool en velviool tot duiwelsinstrument verklaar volgens een van die vroeë reisigers. Dan die versugting dat die musiek nie treurig genoeg is nie, verklaar waarom sommige kunstenaars wat toe werklik ‘treurige musiek’ gesing het, in hulle tydsgewrig soveel sukses kon behaal.

Mense gebruik musiek en sang om hulle diepste gevoelens en belewenisse uit te druk. Buitestaanders moet fyn luister, sonder vooroordeel, om die boodskap te hoor en te begryp.

+++++

Velviool.


In die boek : “Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner” is daar ’n bydrae van prof Abel Coetzee oor “Die Afrikaner se volkskunde”. Prof Coetzee meld dan dat die transportryers soms lank by vol riviere en onbegaanbare

driewe moes wag voordat hulle verder kon ry. Gedurende die wagtyd is allerlei gedoen om die tyd te verwyl. Daar is stories en grappe vertel, daar is kragte gemeet met duim- en stoktrek en saans om die vuur is daar "...op die konsertina of velviool gespeel, en is daar verlang na die afwesige huismense". [Bl. 113]. Die velviool was iets onbekends en navrae by allerlei kenners was uiteindelik vrugtelos. Gedagtig daaraan dat daar 'n tuisgemaakte viool in die museum in die Voortrekkermonument is, is daar navraag gedoen en dit blyk toe dat die viool aan die Nasionale Kultuurhistoriese Museum behoort en slegs daar saam met ander items uit die Groot Trek uitgestal word. Die personeel van die N.K.M. weet toe ook nie wat 'n velviool is nie, maar die Senior Inligtingskundige, Malene Schulze, belowe om bietjie rond te skrop en te kyk of sy iets kry. En jou werklik, sy stuur 'n gedeelte uit 'n boek van prof Kirby, vroeëre musiekprofessor by Wits, oor musiekinstrumente van die inheemse bevolking van Suid-Afrika en dit handel onder andere oor die velviool.

Die Khoimense en die Sanmense is baie vroeg reeds beïndruk deur die viool wat die setlaars saambring het en heel gou het hulle begin om hulle vindingrykheid in te span om hulle eie viole te maak, want hulle kon nie self 'n viool uit Europa bekom of bekostig nie. Die Maleiers het ook nie op hulle laat wag nie..

Die trekboere moes ook soms sonder viole klaarkom en die velviole wat die Khoi, San en Griekwas gebruik het, was aan hulle bekend. Prof Kirby praat dan van die tamboer wat ook soos 'n viool met 'n strykboog, gemaak van perde se sterthare, gespeel is. Dan vervolg prof Kirby : "This instrument was, of course, the same as that known to the Afrikaners of former days as 'velviool', or skin violin, and which has been described as being used by Dutch and coloured people [Griqua], being made by steenbok skin stretched over 'n frame of wood or bamboo, and played with a bow". [Bl 249]. Reisigers wat gedurende 1800 – 1840 die land besoek het, maak ook melding van die velviole wat hulle raakgeloop het. Daar word ook vermeld dat die Sanmense wat saam is diamantdelwerpe toe, saans hulle velviole gespeel en gedans het.

Het van ons lesers kennis gedra van die velviool?



Voorbeeld van 'n velviool.

Jongleeus

Met die byeenkoms van die Pretoriatak op 23 Februarie 2008 het ons die geleentheid gehad om 'n groep jongleeus te sien en hoor optree wat net goed vir die toekoms voorspel. Een van die Jongleeus, Dylan Emslie, is maar eintlik nog 'n opgeskote welpie, want hy is maar net 10 jaar oud. Maar as hy die 3³/₄ry hanteer, brul hy al soos 'n jongleeu. Om alles te kroon is hy toe die eerste musikant wat die guitarron, die 5-snaarbaskitaar wat ons ingevoer het, op die verhoog gespeel het. Saam met hom het sy twee neefs, Eben en Tiens Vorster, opgetree en vir meer as 'n halfuur het die konsertinas, boerekonsertinas, banjo en kitare gesing. Saam met hulle het Martin Dorfling met die ukulele of basviool ritme bygesit en Réjean Viljoen met sy 3³/₄ry het sy slag gewys en die jongleeus het net bly blom. Maar dit is nie waar dit geëindig het nie. Die twee Badenhorstbroers, Willie en Salomon, het saam met hulle pa se orkes gespeel en dan voeg 'n mens die twee Joostebroers, Willem en Gerrit, by en Glen Pearce van Oranjemund en dit is dan nie te verwonder dat Stephaan van Zyl so 'n glinstering in sy oë het, as hy van die Jongleeus praat nie. En dan is Wynand Smit so half onder sy voete, besig om saam met die Oudag ook sy koers al beter met die boerekonsertina te vind. Willie Badenhorst is ook nog besig om 'n jongeling of twee touwys te maak.



Voor – Dylan Emslie. Agter – Eben en Tiens Vorster, Martin Dorfling, Réjaen Viljoen

Met die Joongleeus in die trop kan ons inderdaad 'n orkes saamstel waarmee ons dorp toe kan gaan en 'n bekwaam merk maak. Ons is trots en dankbaar dat die jongmense so ywerig saam met die maanhare, Stephaan, Gert Jooste, Willie Nelson en Willie Badenhorst, leer jag. Maar, en dit is 'n groot maar, ons moet die jongmense help en ondersteun met goeie en

professionele opleiding naas al die moeite wat gedoen word. Ons moet geleenthede skep om intensief aandag aan hulle ontwikkeling te gee en sistematies by al die fynere punte uitkom waarvoor daar nie altyd tyd is in die gewone vloeï van die opleiding nie. Ons kan nie net terugsit en alles aan Stephaan, Willie en andere oorlaat nie, ons moet ook 'n bydrae maak en ons kan dit doen deur by te dra tot Projek Tradisionele Musiek. Een van die doelwitte van die Projek is om jong musikante met opleiding en onderrig te ondersteun, maar dit kos geld. Raak tog betrokke en soek 'n paar Rand wat nog nie werk het nie en dra dit by. Dit gaan nie om groot bedrae nie, dit gaan om almal se betrokkenheid by ons saak. Al vat ons net die bruin en geel geld wat in ons huise rondlê en gee dit by die volgende byeenkoms van ons Tak daar af, sal ons verbaas wees wat saamstaan kan doen. Het ons voorouers nie in die moeilikste van jare met pannekoekie en koesters sterk geword nie! Kom elkeen van ons doen net iets vir die saak waarin ons glo en geniet. Maak dit **my saak**. Asseblief!



Tradisionele – en Volksmusiek [Kobus Müller]

Begrippe : **Volksmusiek** is volgens die HAT – Musiek soos deur die breë volkslae beoefen en gewaardeer. **Tradisie** is die oordrag van geestelike besittings en kultuurgoedere, mondelings of in geskrif, van een geslag aan 'n volgende geslag. **Tradisionele musiek** is dan musiek wat so van geslag tot geslag oorgedra is [Latyn tradere = oorhandig, oordra]. **Boeremusiek** is volgens die HAT – Ligte musiek wat tipies Suid-Afrikaans sou wees, soms gebaseer op volkswysies. **Boereorkes** is - Orkes wat populêre musiek, veral boeremusiek, uitvoer.

Elseviers Encyclopedie van de Muziek omskryf volksmusiek so : “Dit is de traditionele, mondeling overgeleverde, naar oorsprong anonieme, in een gemeenschap levende muziek [meestal liederen en dansen]. Wat Eur. betreft, bestaat een levende V., met eigen harmonische wetten, eigen toonschalen, ritmen en instr. alleen nog maar in het Z. O. [Balkanstaten] en in enkele delen van It., Sp. en Slavische O. In vrijwel alle cultuurlanden is men de laatste 150 jaar de oude en de nog levende volksmuziek gaan bestuderen en verzamelen.” Wat die volkslied betref sê Elseviers : “..sinds de vroegste tijden en by wrsch. alle volken de in dichterlijke vorm gegoten uiting van wat de mens bij zijn leven overkomt, het ‘uitzingen’ van zijn echste , onmiddellijke gevoelens; in eenvoudigste vorm te vinden in het kinderlied, zelfs in de straatroep [anoniem]; in geperfectioneerde vorm door grote meesters tot hoge kunstwaarde opgevoerd;...”.

Die **Encyclopaedia Britannica** [1975] omskryf volksmusiek so : "folk music, typically, music that lives in oral tradition, learned through hearing rather than reading and disseminated within families and restricted social networks."

Die Encyclopaedia Britannica se **Macropaedia** [vol 7, bl 466 – 470] het 'n uitgebreide artikel oor volksmusiek in breë verband in veral die westerse wêreld. Baie van wat gesê word is bruikbaar en van toepassing op ons volksmusiek in Suid-Afrika. Die volgende gedagtes is aan die artikel ontleen.

Die onderskeid tussen volksmusiek en ander musiek kan nie presies en waterdig afgekamp word nie. Volksmusiek het egter eienskappe wat dit onderskei. Tipiese volksmusiek lewe in die mondelingse tradisie van 'n sekere gemeenskap en word op gehoor eerder as lees aangeleer. Dit is oorwegend funksioneel in die sin dat dit met ander aktiwiteite, soos dans en saamsing, gepaard gaan. Hoewel dit hoofsaaklik plattelands van oorsprong is, bestaan volksmusiek in kulture waar daar ook 'n stedelike meer verfynde musiektradisie is. Volksmusiek word verstaan en begryp deur 'n breë segment van die bevolking terwyl bewerkte/verfynde of klassieke musiek 'n kunsvorm vir 'n klein sosiale, ekonomiese of intellektuele elite is. Andersyds is die musiek wat wyd aanvaar word en as 'populêr' beskryf word, vir sy verspreiding van die massamedia – CD's, radio en televisie – afhanklik. Volksmusiek daarteen, is vir sy verspreiding van families, gemeenskappe en beperkte sosiale netwerke afhanklik. Maar hierdie onderskeid het in sekere lande na die Tweede Wêreldoorlog, met die toetrede van volksmusiek tot die massamedia, in 'n groot mate verdwyn. Daar is nou 'n onderskeid wat in daardie lande getref moet word tussen volksmusiek voor en na die Tweede Wêreldoorlog, by name die VSA is hier van besondere belang met sy musiekinvloed wat so ver strek.

Miskien is volksmusiek se belangrikste kenmerk die afhanklikheid van die aanvaarding deur 'n gemeenskap – 'n familie, 'n dorpie of 'n nasie – en die geneigdheid om te verander soos dit deurgegee en gebruik word van een persoon na die ander. Hierdie verskynsel staan in die volksmusiek bekend as gemeenskapsherskepping.

'n Stuk volksmusiek is die eiendom van die hele gemeenskap. Maar anders as wat in die negentiende eeu so vas geglo is, het volksmusiek sy ontstaan nie aan 'n groep mense te danke nie maar gewoonlik aan 'n enkeling. Daarna eers volg die aanvaarding en herskepping deur die gemeenskap. Die skepper van 'n stuk musiek kan gedeeltes van bestaande woorde en wysies koppel aan nuutskeppinge sonder dat dit pla, want soos wat die musiek en woorde deur die meul gaan, sal dit afgerond en glad geskaaf word deur die gebruikers. Hier word dan 'n belangrike saak beklemtoon. In die Europese volksmusiek lê 'n klein groepie wysiesoorte ten grondslag van die hele volksmusiekskat. Die voorbeeld wat dan genoem word, is dat dit aanvaar word dat die hele versameling Engelse volksmusiek stam van veertig wysiefamilies af en elkeen van hulle is weer die afstammeling van 'n enkele wysie. Die grootste gedeelte van die Engelse volksmusiekskat hoort in ieder geval tuis by net sewe wysiefamilies. Dit gee nogal heelwat insig in ons eie volksmusiek.

In die Europese kultuurgebied is daar ook wisselwerking tussen die volksmusiek van aangrensende lande. Sekere wysiesoorte word dwarsdeur die kultuurgebied aangetref maar die neiging in elke land is ook om 'n repertorium van stilistiese kenmerke en wysies te hê wat nie met buurlande gedeel word nie. Ballades, dws die woorde, het baie wyer versprei as wat wysies versprei het.

In die twintigste eeu het volksmusiek in sekere gebiede begin kwyn, veral daar waar sterk verstedeliking en industrialisering plaasgevind het. Na 1950 het volksmusiek in die meer afgeleë gebiede in Europa en Amerika stand gehou en ook in die lande van Oos-Europa. In die VSA het die volksmusiek egter verstrengel geraak in vreemde musiekelemente wat veral uit Afrika afkomstig was.


Volksmusiek, so word gesê, is hoofsaaklik funksioneel en nie soseer vermaak of van estetiese belang nie. Dit begelei ander aktiwiteite, in besonder rituele, werk en dans. Die woorde van volksliedjies kan ook dien as 'n geskiedenisvertelling, om nuus deur te gee en as draer van kultuur. In meer tradisionele gemeenskappe is musiek 'n onontbeerlike deel van rituele en feeste. Daarteen, by die industriële nasies word volksmusiek nog net deur etniese -, werks- en godsdienstige minderhede gehandhaaf en daar word geglo dat dit eiewaarde, oorlewing en sosiale eenheid bevorder en ondersteun.

Verspreiding. Volksmusiek word mondelings of deur die gesproke tradisie oorgedra. Dit bring mee dat 'n volkswysie veranderinge kan ondergaan afhangende van die uitvoerders se kreatiwiteit, hulle verkose musiekstyl of net vanweë hulle swak geheue. Soos wat 'n stuk volksmusiek van geslag tot geslag deurgegee word, ontwikkel bykomende weergawes wat wisselvorms genoem word en nogal aansienlik van mekaar kan verskil. Volkswysies wat landsgrense oorsteek is geneë om die karakter van die inheemse volksmusiek aan te neem. Verandering vind ook in sekere kulture baie stadiger as in ander plaas. In die Wes-Europese kulture wat standvastig van aard is, tree verandering baie stadiger in as by die Afro-Amerikaanse kulture waar verandering vinnig plaasvind.

Ten spyte van sy afhanklikheid van mondelinge oorlewering en die gesproke tradisie, is volksmusiek geneë om 'n noue band met musiek in die geskrewe tradisie te hê. Heelwat volkswysies ontstaan in geskrewe vorm. Vir baie eeue het populêre en klassieke komponiste volksmusiek verwerk en ingerig vir hulle doel en sodoende weer invloed uitgeoefen op die mondelingse tradisie. Sedert opnames van volksmusiek ter beskikking van volksangers en musikante is en hulle na verskeie verwerkings van volkswysies kan luister, is daar nogal 'n sterk invloed wat so op die mondelingse tradisie uitgeoefen word. Die oordrag van volksmusiek vind daarom nie heeltemal in afsondering plaas nie maar is vervleg met die oordrag van ander musiek.

Samestelling/Komposisie. Die samestelling van volksmusiek en dié van populêre en klassieke musiek in dieselfde kultuur verskil nie baie van mekaar nie, met die groot uitsondering dat volksmusiek gewoonlik nie genoteer is nie. Toonaard, ritme en improvisasie in die volksmusiek kom ook by die ander musiek voor. Volksmusiek hou egter net trou by sy funksionele aard. Volksmusiek wat net op instrumente uitgevoer word, is byna sonder uitsondering bedoel as dansbegeleiding.

[Deel II sal in Hanekraai 6 verskyn]



Nuus van die Wesrandtak.

Ons wil graag die Barnardfamilie sterkte toewens met die afsterwe van Hennie Barnard tydens ons Takbyeenkoms op die 26ste Jan 2008. Besondere dank aan

Dries du Plessis, Rudi Jooste en Jacques Kruger wat dadelik noodhulp toegepas het en die personeel van 911 wat so vinnig op die toneel was.


Dit is ook met leedwese dat ons verneem het van een van ons getroue lede, oom Fred van Tonder [Rooies], wat op 16 Feb 2008 oorlede is na 'n kort siekbed. Ons bid tannie Chrissie en die familie sterkte toe vir die toekoms. Hy laat 'n groot leemte en ons sal hom mis.

Ons wil ook vir Nettie Kruger, een van ons bestuurlede, alle voorspoed en volkome herstel toewens na die rugoperasie in Januarie 2008.


Ons wil ook graag vir Daisy Buitendag wat in Feb 2008 'n knieërvanging ondergaan het, beterskap toewens. Ons is bly om te verneem alles het goed afgeloop.

Dit is ook verblywend dat die bywoningsyfer met funksies van die Wesrandtak van Sep 2007 tot Jan 2008 gegroei het van 98 tot 128, d.w.s. 'n groei van 30%. Die groei is grootendeels te danke aan nie-lede se betrokkenheid. Aan ieder en elk wat ons so gereeld ondersteun het gedurende 2007 sê ons baie dankie. Sonder julle ondersteuning was dit nie moontlik nie. Kom ons maak die jaar 2008 'n nog groter sukses!

Wesrandbywoningsgrafiek



Eerste kolom = lede; tweede kolom = nie-lede en derde kolom = totaal.



Foto's van musikante. Musikante - vorige Hanekraai : Piet Bester, Peet van Staden, Chris Wentzel, jong Dawid de Lange en Jan Mans.

Silwer de Lange se heimweë oor sy verlore liefling.

Uit die name van sommige van die 1932-plaatopnames wat Silwer de Lange gemaak het, voel 'n mens 'n stuk hartseer in sy gemoed en lewe aan.

Die name van die musiekstukke sê dit self : *Eendag kom jy weer terug/Ek het jou lief/Jy breek my hart ens.* Eugène Marais sou seker gesê het dis die lied van 'n man in sy liefde verlaat. Dit is baie duidelik dat dit gaan om die verlies van 'n geliefde wat in die vroeë negentiendertigs moes gebeur het en hom baie hartseer agtergelaat het.



Kotie Hamman
[links] en Joe van
Rensburg [regs].

Nou het die dame waarom dit gaan, op die lappe gekom en selfs 'n foto van haar in haar ryper jare, het ter hand gekom. Haar naam was Kotie Hamman en sy is later met 'n mnr Burger getroud en hulle het in Booyens, Johannesburg, gewoon. Sy was van haar skooldae af bevriend met Joe Bodenstein wat later met Sewes van Rensburg getroud is. Hulle het lewenslang vriendinne gebly en het in hulle latere lewe nie ver van mekaar in Booyens gebly nie. Pannie Ebersohn, Frans Ebersohn se vrou, het ook daar naby gebly.

Silwer het gereeld by Sewes besoek afgelê. Of dit om sy vriendskap met Sewes gegaan het en of hy gehoop het om Kotie te sien, wat dikwels by Joe kom kuier het, sal 'n mens nie weet nie.

Van Silwer en Kotie se verhouding is niks bekend nie en ook nie waarom dit skeefgeloop het nie. Maar een ding is seker, Silwer was erg hartseer daarvoor en die hartseer het nie oorgewaaï nie. Miskien is die hartseer uiteindelik maar saam met hom graf toe.

[Baie dankie aan Manie en Cora Bodenstein wat die gegewens en die foto verskaf het. Hulle was die afgelope jare van besondere hulp met inligting en soek na inligting, oor die mense wat daar saam met hulle gewoon het en wat hulle geken het oor die afgelope sestig jaar of wat. Nogmaals dankie. Red.]



Geskikte instrumente vir die speel van Tradisionele Boeremusiek

Stephaan van Zyl.

Ten spyte van die feit dat die TBK al 27 jaar bestaan, word daar nog steeds soms oor instrumente geredekawel. Vir die TBK om te voorskriftelik te wees oor watter musiekinstrumente verbode en watter toelaatbaar is, is fataal aangesien soveel grensgevalle voorkom.

Vir die TBK om egter 'n bestaansreg te hê, moet daar iewers grense getrek word. Die komitee het dan ook van die eerste dag af besluit om die grens te trek tussen akoestiese en elektriese/elektroniese musiekinstrumente. Die musiek waarmee die TBK hom bemoei, dateer immers uit 'n era lank voordat die elektronika die wêreld so oorgeneem het.

Nou is dit ook so dat die TBK groot byeenkomste in groot lokale reël en dat die probleem ontstaan van onvoldoende musiekvolume. Klankversterking word dan ongelukkig noodsaaklik om van die geleentheid 'n sukses te maak. Ek sê ongelukkig omdat, met al die modernste en beste klanktoerusting beskikbaar, kry mens nog steeds nie klankversterking sonder klankvervorming nie. Die oomblik wanneer klankversterking by die voordeur ingelaat word, gaan klankkwaliteit by die agterdeur uit. Tradisionele boeremusiek klink nog altyd op sy beste by kleiner en intiemer geleenthede waar klankversterking nie nodig is nie.

Watter akoestiese instrumente is dan geskik? Hier bevind ek myself skielik op dun ys. Afgesien van die gewone en alledaagse instrumente soos kitaar, konsertina, die vioolfamilie, serfyn, klavier, banjo, ukulele, mondfluit ensovoorts, het 'n hele paar ander instrumente kortstondig hulle verskyning in die verlede gemaak. Ek dink hier aan die musikale saag, blaasinstrumente soos die klarinet [sporadies], saksofoon, "swanee whistle" en penniefluitjie. Dan was daar nog rare slaginstrumente soos onder andere 'n beesklok! [Die trekklavier het op 'n stadium in die TBK teenkanting ondervind agv die manier waarop sekere musikante dit bespeel het.]

Akoestiese instrumente wat redelik onlangs op die mark gekom het soos die melodika, glo ek nie sal ooit by die TBK-mense byval vind nie en nog minder die moderne tromme. Wat die res van die akoestiese instrumente betref, sal die TBK op sy lede moet vertrou vir leiding.



CD's vir 2008.

Die eerste CD vir 2008 is reeds beskikbaar. Outydse Potjiekos, vol 3, met die musiek van Buys se Kêrels, Chris Chomse [Lydenburgvastrappers] en oom Jan Visser is reeds beskikbaar by Sias. Ons dank aan Danie Labudchagne wat baie moeite gedoen het om die musiek weer vars op te neem en netjies te versorg. Die CD klink baie goed.

Twee CD's met 'n verskeidenheid musiek van verskillende musikante waarvan opnames saam met die Oudag reeds in 2007 gemaak is, word nou saamgestel en afgerond om teen die middel van die jaar beskikbaar te wees. Sias het gevra dat ons met die hoë postariewe eerder die lede wat aftrekorders het se CD's eenmalig uitstuur na die helfte van die jaar, as om op 'n verlies te werk of die bedrae op te skuif. Ons hoop ons lede vind dit aanvaarbaar.

Lourens van Zyl het laat weet dat hy en sy Orkes gereed is om binnekort met opnames te kan begin. Hulle oefen glo kliphard en rond iets besonder vir ons lede nou af. So ons lede kan verwag om kort voor baie lank die CD ook te ontvang.

Hier wil ek namens al ons lede weereens vir Sias en Susan bedank vir die toegewyde manier waarop hulle ons musiek bemark. 'n Mens dink nog net daaraan om 'n CD te koop, dan bied Sias hom al aan en loop lig of dit word twee. Sias, ou maat, met jou en Susan kan ons oorlog toe gaan. Met julle kan ons saak net groei en sterker word. Dankie daarvoor.

☺ ☺ ☺ ☺ ☺ ☺ ☺ ☺ ☺

Wie is die musikante?



☺ ☺ ☺ ☺ ☺ ☺ ☺ ☺ ☺